

REDAKSIONEEL

REGUIT LYNTJIES

Sekere leraars uit die skool van die nuwe navorsing beweer dat die Skrif glad nie so eenvoudig is en deur gewone gelowiges verstaan kan word nie. Daar word gesê dat ons eers moet vasstel hoe die eerste hoorders of die eerste lesers die Bybel gehoor of gelees het¹. Die Bybel en die Bybelse kultuur is millennia ver van ons s'n verwyder. Ons kan nie die dinge wat ons in die Bybel lees sommer net so met reguit lyntjies op ons van toepassing maak nie. Tot so ver is hulle heeltemal reg. Deur eerlik met die teks om te gaan, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat lewensomstandighede van die mense destyds in 'n sekere sin anders was as ons s'n. Dit is egter ook waar dat verskillende Skrifgedeeltes, met 'n verskeidenheid van lewensomstandighede, mekaar nader-verklarend beaam. Daar kom by dat menswees as sulks deur al die eeue heen hoegenaamd niks verander het nie.

Nou word daar egter veel verder gegaan. Veels te ver! 'n Ander belangrike werklikheid word geignoreer: Die teks soos dit nou daar uitsien, is van Genesis tot Openbaring deur die Heilige Gees geïnspireer. Dit lewer 'n eenheid in die Godsopenbaring en 'n eenheid in die boodskap van God. Doelbewus word buite rekening gelaat dat die Woord van God in so 'n mate 'n eenheid is dat dit homself nader verklaar. Regdeur al die eeue waarin dit tot stand gekom het, lewer dit vir alle tye geldende Godsopenbaring. Doelbewus word die één Goddelike oorsprong van die Bybel verwerp. Die Bybelteks alleen is nie meer genoeg

nie. Ons moet eers uitvind hoe die antieke wêreld geleef en gedink het. Daarvoor moet inligtingsbronne langs en agter die Bybelboeke gesoek word om 'n legkaart uit al die ontdekte brokkies inligting te kan bou. Sonder dié agtergrondskennis kan ons die Skrif nie verstaan nie.

Die resultaat is dat geen gewone Bybelleser die Skrif meer kan verstaan nie. Gewone Bybellesers kan nie vasstel hoe die eerste lesers dit verstaan het nie, want hulle het nie toegang tot daardie bronne nie. Ons is dus weer terug by Rome waar alleen die 'geestelikes' in staat is om die Bybel te verstaan en dit vir die 'leke' te verduidelik.

Die dilemma

Ons moet vertrou dat die 'gestudeerdes' ál die nodige bronne langs en agter die Bybel betroubaar verreken het en nie hulle eie agenda selektief voor die bronne inspan nie. Ons moet vertrou dat die 'gestudeerdes' werklik wetenskaplik kontroleerbaar kan vasstel hoe die eerste lesers die Bybelboeke verstaan het. Ons moet eintlik vertrou dat die 'gestudeerdes' net so onfeilbaar is as die Bybel self. Waar die Roomse geestelikes hulle destyds op die ingewing van die Gees beroep het sonder die kontrole van die Skrifkennis, só beroep vandag se wetenskaplikes hulle op inligtingsbronne langs en agter die Bybel, los van die kontrole van die Skrif.

Die werklikheid is dan dat daar met nagevorste hipotetiese buite-Bybelse

inligting oor die betekenis van die geïnspireerde Bybelteks geheers word; veral wanneer die mens dink dat hy sake ontdek waarvan daar geen lyne tussen vandag en die Skrif sou bestaan nie. Hierdie metodiek, afgelei uit die Roomse teologie, maak aanspraak op die vrysinnige verstaansreël: Wat in die Skrif nie verbied is nie, is toelaatbaar².

Die pendulum swaai terug

Die een uiterste gee in sy teenreaksie dikwels aanleiding tot die ander uiterste. Wat sal die antwoord wees teen hulle wat met die invoer van vrysinnighede daarop aandring: Wat die Skrif nie verbied nie, is toelaatbaar? Die denkgroep wat die stelling na sy teenkant toe omgooi, sê: Wat die Skrif nie beveel nie, is verbode. Op grond van hierdie radikale teenreaksie het ons al in die kerkgeskiedenis moes hoor: geen orrel in die erediens nie, geen kerklike feesdae nie, geen kinderdoop nie, geen Sondagviering nie, geen Kategismusprediking nie, geen kerkgebou nie, geen ander Skrifliedere naas die Psalms nie, nie knielend bid nie. Hoekom? Want wat die Skrif nie eksplisiet beveel vir die erediens nie, is vir die erediens verbode. Reformasie is volgens hierdie groep die skoonmaakproses van al daardie dinge wat nie eksplisiet beveel is nie.

Waarop beroep hierdie denkgroep hulle? Hulle locus classicus (bewysplek in die Skrif) is Deuteronomium 12:32: "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou;

INHOUD

- | | | |
|--|--|--|
| 1 Redaksioneel
Reguit lyntjies | 6 Op die kerkerf
En so lê die langste Psalm (119) aan
skerwe
Prof VE d'Assonville | 9 Rekenaar en Internet
'n Ontmoeting met Klaas Schilder
en nog ander
Dr AH Bogaards |
| 2 Skrifoordenking
Die HERE herinner ons aan ons
geloftes
Ds MJJ Erasmus | 8 Medies
God se wet en die anatomie van die
mens
Prof JM Boon | 10 Persskou
Van Psalmomdigting tot ongeloof |
| 4 Fokus
Terug seringboom toe?
Prof GJC Jordaan | | 11 Ten dele
11 Verkiesing 2004 en ons profetiese
roeping
Ds GJ Meijer |

Hy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.” Verder beroep hulle hul op uitsprake van die Reformatore wat selektief aangehaal word om hulle standpunt te regverdig.

Met al die goeie bedoelings is daar tog 'n basiese gebrek in laasgenoemde benadering. Die formules van God word omgekeer. God praat oor al die dinge wat Hy inderdaad beveel. Alles staan in die Bybel. Wat Hy beveel het, mag ons nie verander nie; ons mag daaraan nie na willekeur weglaat of toevoeg nie. Die dinge wat Hy ons beveel het (in Deuteronomium 12 staan die bevel in die konteks van die inrigting van die sentrale heiligdom), mag ons nie anders uitvoer as wat Hy beveel het nie. Die radikale denkgroep keer dit om. Hulle sê wat God nie beveel het nie, is verbode. Hulle veronderstel dat daar dinge of sake is waarvoor daar géén opdrag van God sou bestaan nie. Die afwesigheid van reguit lyntjies? Dit is in stryd met ons belydenis dat die Skrif genoegsaam is.

Genoegsaamheid van die Skrif

Ons bely dat daar geen aspek van ons lewe is wat nie genoegsaam deur God se Woord bedek is nie. Die vrysinige denkgroep veronderstel, net soos Rome, dat daar sekere dinge sou kon wees waarvoor God Hom nie uitgelaat het nie. Die Roomse denke veronderstel dat daar sekere dinge is wat nie verbied sou wees nie. Die radikale teenpool (fundamentalisties vrysinig) veronderstel dat daar sekere dinge is wat nie beveel sou wees nie. Dit sou kan beteken dat 'n sekere deel van ons lewe dan nie genoegsaam deur God se Woord met beginsels, met opdragte, met voorbeelde en dies meer beskrywe sou wees nie. By hierdie sogenaamde 'afwesigheid van

Godsopenbaring' sê die een kant: As dit nie verbied is nie (byvoorbeeld die biegl), is dit toegelaat. Die ander kant sê: As dit nie beveel is nie (byvoorbeeld die kinderdoop), is dit verbode. Dit is reguit-lyntjie hermeneutiek in twee totaal verskillende gedaantes. Tog is dit een hermeneutiek. Oorvereenvoudigde reguit lyne word getrek.

Teenoor beide maniere van lyntjies trek bely ons dat daar nie iets is waarvoor die Skrif nie direk of indirek genoegsame toerusting gee nie. 'Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus' (2 Timoteus 3:16-17). Die Skrif leer dat ons God se Woord nie kan verras nie; nie met iets wat nie beveel is nie en ook nie met iets wat nie verbied is nie.

Dit beteken nie dat die Bybel nou 'n resepteboek vir elke gebeurtenis is, 'n reguit lyntjie vir elke daad nie. Altyd weer moet na die hele Skrif geluister word. Tog gaan opponente dikwels met mekaar aan die stry oor watter lyntjies rêrig reguit is. By die afwesigheid van reguit lyntjies sê die een klomp: dan doen ons wat ons goeddink – ons dink self iets vindingryks uit. Die ander klomp sê by die afwesigheid van reguit lyntjies: dan doen ons wat ons goeddink – ons ag sulke sake as outomaties verbode. Die een groep is dan sogenaamd liberaal-evangelies en die ander groep verkrampt-konserwatief.

Wat dan?

Sal ons ons begewe in die hande van die 'gestudeerdes' wat alléén in nederige hoogmoed weet om die wil van die Here vanuit die buite-Bybelse

bronne uit te lê? Of sal ons maar die reguit lyntjies opsoek en by afwesigheid daarvan besluit of ons iets as toegelaat of as verbode beskou?

Nee. Die mondige gelowige wat bely dat die hele Skrif deur God aan ons gegee is om ons hêle diens aan God te beskryf (NGB artikels 5 en 7), aanvaar dat ons moet dóén wat God beveel het, en moet nálaat wat Hy verbied het (Psalm 40). Om dit te bepaal, lees ons die hele Skrif, en dit alléén soos wat die Skrif homself in sy eie konteks verklaar. Die Gees van Christus ontvou in die Skrif sy openbaring genoegsaam vanuit die Skeppingsgebeure in 'n heilsweg met sy kerk in Christus, tot en met die voleinding van die wêreld. Ons verreken die taalkunde waarin die Skrif tot ons spreek. Bo en behalwe wat Hy ons direk beveel (opdrag en verbod), is daar beginsels saamgegee wat sy bevels begrond, en 'n verskeidenheid van voorbeelde wat sy bevels illustreer. Alles is genoegsaam om te verstaan en in ons hele lewe, hoe modern ook al, toe te pas. Van ons bestaan is geen 'goeie werk' deur die Skrif oorgeslaan nie (2 Timoteus 3:17). Eenvoudig, gebalanseerd, nugter, sola Scriptura, tota Scriptura – nie met reguit lyntjies nie, maar in konteks soos wat God dit self aanbied. Die gebruik van bronne naas en agter die Bybel is verrykend om dit wat die Skrif leer te bekragtig, maar geensins noodsaaklik om die betekenis van die Skrif te bepaal of beheers nie.

¹ Acta GKSA 2003, p. 657, Die Deputate reageer op die beswaar dat Messiaanse verwysings in die Psalmteks uitgelaat is deur te sê: “Die kommissies het besluit om die grondteks te volg deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het.”

² Acta GKSA 2003, p. 548 beswaardes argumenteer met hierdie argument teen die sinodebesluite in punte 3.3.6-7.

SKRIFOORDENKING

Ds MJJ Erasmus, Koedoesrand

Die HERE herinner ons aan ons geloftes

Lees: Genesis 28:10-22; 35:1-7

Die twee gedeeltes uit Jakob se lewe kan 'n mens in 'n sekere opsig beskou as die begin en die einde van 'n sirkel.

Die sirkel in Jakob se lewe begin by Bet-el. Baie jare later, deur die genade van die HERE, kom Jakob vir 'n tweede maal by Bet-el aan - hierdie keer om die gelofte wat hy

voor God afgelê het, te betaal.

Wanneer ons kyk na die lewe van Jakob, kom ons onder die besef van God se groot genade. Jakob het nie

verdien om deur God geseën te word nie. Jakob se naam beteken "bedrieër". Hy het sy vader en sy broer bedrieg toe hy homself destyds soos Esau vermom en Isak se seën ontvang het. Baie bang dat Esau hom hieroor sou doodmaak het Jakob vir sy lewe gevlug.

Van vertrou op God was daar by Jakob nog nie sprake nie.

Terwyl Jakob vir sy lewe gevrees het dat Esau hom enige oomblik sou inhaal, het hy op 'n plek, naby die stad Lus, met sy kop op 'n klip aan die slaap geraak. In 'n droom het hy 'n leer gesien wat van die aarde tot in die hemel strek. Hy sien God se engele op en af teen die leer beweeg. Jakob hoor hoe JAHWE, die almagtige Verbondsgod, met hom praat. Vanaf die bo-punt van die leer sê God aan hom: "Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee; en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word. En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het."

Sonder dat Jakob iets daarvan verdien het, het God sy genadige verbondsbeloftes, dieselfde wat Hy aan Abraham en Isak gemaak het, ook aan Jakob toegesê. God het Hom oor Jakob ontferm en hom oordek met sy Vaderlike liefde, al het hy soos 'n lafaard weggevlug. God het aan Jakob belowe om vir hom 'n God te wees en om hom te beskerm waar hy ookal gaan.

Hoe wonderlik moes dié versekering nie vir Jakob gewees het, daar waar hy in angs vir sy lewe gevrees het nie! Die HERE, die almagtige Verbondsgod, sal vir hom 'n God wees en hom bewaar op sy pad. Jakob moes waarlik verslae gewees het. Hy, die bedrieër, ontvang soveel genade. God sluit met hom 'n verbond. Bewus van God se teenwoordigheid noem Jakob die plek Bet-el, "huis van God". Hy sit die klip waarop hy geslaap het regop om hom te herinner aan wat daar gebeur het.

Verder, as reaksie hierop, besluit Jakob om voor God 'n gelofte af te lê. So het God dit vir Jakob op die hart gelê.

"As God met my sal wees om my te

bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek, en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die HERE my God wees. En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan" (Genesis 28:20-22).

Jakob beloof dat JAHWE sy God sal wees, dat dié plek Bet-el 'n "huis van God" sal wees en dat hy van al sy besittings aan die HERE 'n tiende sal afstaan.

God was getrou aan sy beloftes aan Jakob. Waar Jakob in die vreemde land van sy oom Laban gewoon het, het God hom voorspoedig gemaak en hom geseën met baie besittings. God het Jakob gelei in alles wat hy aangepak het. Jakob was mettertyd so selfstandig dat hy van sy oom Laban af na sy land van herkoms kon terugkeer. So het Jakob dan ook gedoen.

Die HERE het sy belofte aan Jakob nagekom. Maar Jakob? Het hy van sy gelofte onthou dat hy die HERE alleen sal dien en dat hy in sy oorfloed aan die HERE 'n tiende van al sy inkomste sal afstaan? Bet-el was 'n besondere geleentheid in sy lewe. Dit wat daar plaasgevind het was aangrypend. Die HERE het daar, ook met hom, sy verbond opgerig.

Jakob was ontrou aan sy gelofte. Jakob het skoon daarvan vergeet. Sy liefingsvrou, Ragel, het met hul vertrek die huisafgodsbeeldjies van haar vader Laban gesteel en saamgeneem. Sou Jakob hiervan nie geweet het nie? Ook verder in die laer was Jakob maar verdraagsaam. Hy het ooringe, wat waarskynlik met een of ander afgodery te doen gehad het, in sy laer toegelaat. Maar miskien die ergste – as God hulle veilig terugbring in die land Kanaän, keer Jakob nie terug na Bet-el nie, maar gaan vestig hom naby Sigem, 'n goddelose stad. Daar, vlak teen die stad Sigem, koop Jakob vir hom grond om hom permanent in te rig in 'n goddelose omgewing.

Hoewel God nog altyd aan sy verbond met Jakob getrou was, het Jakob sy gelofte aan die HERE vergeet. Wat was die gevolg hiervan?

Dit is opmerklik dat Jakob in Genesis 35 weer beangs en benoud was soos in die tyd toe hy vir sy broer Esau gevlug het. Sy seuns, Simeon en Levi, het die stad Sigem geplunder en al die mans in die stad vermoor, omdat een

van hulle hul suster, Dina, oenteer het (Genesis 34). Jakob het gevrees dat die woedende inwoners van die stad die omliggende volkere en stede sou ontbied om gesamentlik teen Jakob en sy familie op te trek. Indien dit sou plaasvind kon dit die einde van Jakob en sy hele laer met al sy besittings beteken. Jakob was sō benoud dat hy nie eers ag geslaan het op die verkeerde ding wat sy twee seuns gedoen het nie. Hy was eerder bekommerd oor die nagevolge daarvan. Hy was bang dat hulle nie gou genoeg sou kon oppak en vlug nie.

In hierdie onstuimige oomblik kom die HERE weer na Jakob met 'n bevel: "Maak jou klaar, trek op na Bet-el en woon daar; en bou daar 'n altaar vir die God wat aan jou verskyn het toe jy op die vlug was vir jou broer Esau" (Genesis 35:1). In sy toestand van vrees, terwyl hy van die HERE heeltemal vergeet het, stuur God vir Jakob terug na Bet-el! Daár, by Bet-el, moet hy weer aan die HERE gaan offer.

Meteens moes die herinnering van die verre verlede in Jakob se binneste opgeskiet het. Bet-el: die plek waar die HERE Homself aan Jakob in 'n verbond verbind het. Bet-el: die plek waar hy, Jakob, ook met 'n gelofte aan die HERE geantwoord het – die HERE alleen sal sy God wees, van al sy besittings sal hy uit dankbaarheid 'n tiende aan die HERE afstaan.

Ook ons moet nie wag vir 'n onstuimige oomblik in ons lewens sodat God ons aan ons geloftes aan Hom moet herinner nie. Veral wanneer dit met 'n mens goed gaan is ons, soos Jakob, geneig om te vergeet. Ons moet nie wag totdat God ons ook eendag moet wakker skud en sê: "Betaal jou geloftes aan My", nie.

Nee, begin vandag. Onthou jy nog die dag toe jy in die kerk voor die kansel voor die HERE belydenis van jou geloof gedoen het – toe jy beloof het om in 'n ware verbondsgemeenskap met Hom te leef? Onthou jy nog die dag toe jy getroud is en aan God beloof het om jou maat jou hele lewe lank lief te hê, en dat julle twee hiervandaan één sal wees? Onthou jy nog die dag toe jy jou kind laat doop het, toe julle as verbondsouers saam aan die HERE beloof het dat julle die kindjie wat Hy julle gegee het in die vrese van sy Naam sal onderrig en sal laat onderrig? Ja, so is daar ook dié van ons wat die HERE geroep het om in die besondere ampte in sy kerk te dien – die ampt van predikant,

ouderling of diaken. Onthou ons nog die dag toe ons vir die HERE "ja" gesê het?

Ons elkeen moet ons geloftes aan die HERE vandag onthou en nakom. Watter maniere moet God in hierdie dae gebruik om ons aan ons geloftes te herinner?

Toe Jakob van Bet-el en sy gelofte aan God onthou, het Jakob aan sy huisgesin en almal by hom gesê: "Verwyder die vreemde gode wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan; en laat ons klaarmaak en optrek na Bet-el; en ek sal daar 'n altaar bou vir die God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die weg wat ek gegaan het" (Genesis 35:2).

Jakob het van die HERE en sy gelofte aan Hom vergeet, maar God het hom op 'n gegewe moment indringend daaraan herinner. In God se ryke genade het Hy Jakob daartoe gebring om weer sy geloftes te onthou. Hy het skielik besef dat hy die afgodsbeelde en onsuiverhede in sy laer nie een oomblik langer mag duld nie. Jakob het sy mense beveel om al hulle afgodsbeeldjies asook hul ooringe te bring om begrawe te word.

Dán lees ons dat God 'n skrik oor die omliggende volkere gebring het, sodat hulle vir Jakob en sy laer nie aangeval het oor die daad wat Jakob se seuns, Simeon en Levi, gepleeg het nie. Jakob en sy mense kon ongedeed optrek na Bet-el, die heilige plek waar die HERE aan hom verskyn het. Jakob se tente staan toe nie meer naby die goddelose stad Sigem nie, maar by Bet-el, die "huis van God", sodat hy die HERE alleen weer sou dien.

Het u al so daaraan gedink? Ons doop is die Bet-el van ons lewens.

Wat is die sakrament van die doop anders as die teken en die seël, die bevestiging van God dat Hy ook met sy kind 'n verbond het, dat Hy ook jôu God is? Deur die soendood van ons Here Jesus Christus het God hierdie genadeverbond met ons vervul. Ons is volkome met Hom versoen deurdat ons sondeskuld, uit genade, deur Christus se kruisdood weggevas is.

Hoe lyk dit met die vervulling van óns geloftes aan Hom? Ons, wat ons doop as 'n Bet-el in óns lewens het, 'n Bet-el as teken van God se ontferming oor ons? Staan ons nog met ons tente by die goddelose Sigem waar ons maar liever kies om van God te vergeet, of het óns ook al Bet-el vir 'n tweede keer in ons lewens bereik?

Waar staan die tente van ons volk? Het ons nie te lief geword vir al die bekoorlikhede wat die wêreld 'n mens bied nie? Waarom dobbel ons, en hoereer ons jongmense? Waarom het geld en materialisme vir ons so belangrik geword dat dit byna ons hele lewe beheers? Waarom is ons kerkbanke Sondae so leeg? Is daar só min tyd en plek vir die koninkryk van God in ons lewens? Hoe verdring die televisie en dit wat daar vir 'n mens opgedis word nie goeie gesonde gesinsomgang tussen ouers en kinders nie!

Die Bybel, die Woord van die HERE, lê ons huise vol, maar dikwels onder stof.

Ons het nou die dag Geloftedag gevier. In die dae voor 16 Desember 1838 het 'n klein groepie van ons voorouers in 'n uur van benoudheid hulle voor die God van die hemel en die aarde verootmoedig en aan Hom 'n gelofte gedoen. Hulle het belowe

dat, as Hy hulle die oorwinning sou gee, hulle die dag, 16 Desember, voortaan elke jaar as 'n dankdag tot eer van sy Naam sal inrig. Hulle het verder belowe dat hulle vir Hom 'n huis sal bou waar dit Hom behaag. Die gees waaruit hierdie gelofte voortgekom het was dat ons 'n kerkvolk sal wees, dat hulle sal kerk stig oral in hierdie land waarheen die HERE hulle ookal mag lei; dat hulle sy koninkryk sal soek, sy Woord sal uitleef en verkondig, hier, in die land wat Hy hulle mag gee. Hulle het derdens belowe dat hulle ook aan hulle kinders hierdie dinge sal vertel, sodat die opkomende nageslag, ja, ook ons vandag, met hulle in hierdie gelofte aan die HERE kan deel – om op die 16de Desember te dink aan en te onthou wat alles daar plaasgevind het en aan Hom dank en hulde te bring.

Só het ons volk dan ook 'n Bet-el. Hierdie Bet-el het ons nie aan mense te danke nie, maar aan die almagtige genadige God van hemel en aarde. Nie 'n Bet-el waarin ons vandag mag roem nie, maar 'n Bet-el wat aan ons elkeen vra: "Waar staan jou tent?" By Sigem? Kom weg daar. Trek uit jou tentpenne. Begrawe jou afgode. Trek op na Bet-el, na die "huis van God", na sy Woord, na sy kerk, na sy verbond met jou.

Ons geskiedenis is vol uitroeptekens dat die almagtige God sy gelowige kinders – hulle wat Hom dien, by Hom skuiling soek en op Hom alleen vertrou – in sy troue sorg lei en beskerm. Kom ons leer vandag uit ons geskiedenis: Nee, kom ons leer uit die Woord.

Dien die HERE. Vertrou op Hom. Vervul jou roeping. Betaal al jou geloftes!

FOKUS

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

Terug seringboom toe?

Dat die GKSA hom hier aan die begin van die 21ste eeu op 'n tweespoorpad bevind, word allerweë erken. Elkeen wat eerlik wil wees, moet toegee dat daar ongetwyfeld twee groeperinge binne die GKSA bestaan - 'n meer "behoudende" groep en 'n meer "progressiewe" groep. Binne die

"behoudende" groep is daar mense wat die huidige kerklike situasie graag vergelyk met die kerklike situasie voor 1859. Sommige van hulle kom dan ook met die wekroep: "Terug seringboom toe!" In die "progressiewe" groep is daar mense wat beswaar aanteken teen so 'n vergelyking. Hulle

beskou so 'n vergelyking as 'n poging om stemming tot kerkskeuring te skep en roep sulke beswaardes weer maklik toe: "Skeurmakers!"

Natuurlik moet 'n mens versigtig wees om al te goue vergelykings te tref. Twee situasies kan nooit presies gelyk

wees nie en daarom kan 'n mens maklik onbedoeld die spreekwoordelike appels met pere vergelyk. Aan die ander kant moet ons altyd bereid wees om uit die les van die geskiedenis te leer. Selfs in die Bybel vind ons dat die kerk aangesê word om uit die geskiedenis te leer. In 1 Korintiërs 10:1-13 vergelyk Paulus byvoorbeeld die optrede van die gelowiges in Korinte met die optrede van Israel eeue tevore in die woestyn, en skryf dan in vers 11: "Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." Vergelykings is dus in orde - mits dit op geldige wyse gedoen word.

'n Vergelyking wat deesdae dikwels getref word, is tussen die huidige geskil in die GKSA oor die invoering van die 2001-omdigtings en die besware van die "Doppers" in die jare voor 1859 teen die sing van Evangeliese Gesange in die openbare erediens (vgl. Kerkgeskiedenisboeke van Scholtemeijer en d'Assonville). Kom ons kyk 'n bietjie na die twee situasies en plaas enkele (oënskynlike) punte van ooreenkomms en verskil in tabelle langs mekaar. Dan kan elke leser self besluit hoe groot die ooreenkomste en die verskille is. (Sien tabel hierlangs)

Hierdie vergelyking wys dat dit wel geldig is om die huidige toedrag van sake met die situasie voor 1859 te vergelyk. Dit wys ook dat daar wel punte van ooreenkoms en punte van verskil tussen die twee situasies bestaan. 'n Belangrike punt van verskil is dat die Kerkvergadering van Januarie 1859 besluit het dat almal die Evangeliese Gesange móét sing; 'n besluit waardeur hulle gewetensdwang toegepas het. Sinode 2003, daarenteen, het die twee standpunte oor die kerklied in die GKSA getolereer deur dit aan elke kerkraad oor te laat om self te besluit of die gemeente ook die 2001-omdigtings sal sing. Die Sinode van 2003 wou, heeltemal tereg, nie gewetensdwang op lidmate toepas nie.

Tog is laasgenoemde verskil nie so groot as wat dit op die oog af lyk nie. Die enigste werklike verskil is dat Sinode 2003 (anders as die Vergadering van 1859) die "dwingende" besluit nie self geneem het nie, maar dit bloot na die kerkraads-tafels verplaas het. Gestel daar is lidmate in die gemeente wat gewetensbeswaar teen die 2001-omdigtings het, maar die kerkraad

Voor 1859	Tans
Die "Doppers" het besware teen die invoer van die Evangeliese Gesange in die kerk gehad.	In die GKSA is daar besware teen die invoer van die 2001-Psalmomdigtings in die kerk.
Die "Doppers" het beswaar gehad omdat die Gesange ingevoer is sonder dat enige kerklike vergadering dit getoets het.	Die beswaardes voel dat die omdigtings voortydig in die kerke ingevoer is - ten spyte van die feit dat die sinode self bevind het dat "die Messiaanse besware wel gewig dra" (Acta p. 643).
Die "Doppers" is gedwing om teen hulle gewete die Gesange te sing.	Sinode 2003 stel die gebruik van die omdigtings onderhewig aan die besluite van elke Kerkraad (Acta, p. 642) en maak inderwaarheid selfs voorsiening vir 'n aparte Psalmboek vir die "beswaardes" (p. 644).
Ds Postma stel aan die Kerkvergadering van 1859 dat dit die veiligste pad is om te hou by gesange waarvan die teks in die Bybel staan. Dit klop met die "Doppers" se leuse: "In Gods huis Gods lied".	Sinode 2003 vind dit goed dat liedere "wat sterk belydend van aard is maar nie 'n direkte teksondigting van 'n bepaalde Skrifgedeelte is nie", met vrug in die kerke ingevoer kan word (Acta, p. 664).
In die Gesangeboek van 1807 word gesê dat kerkmense nie altyd deur die Psalms gestig word nie en dat die Gesange nodig is "om die eg godsdienstige gevoel by ons op te wek".	Van bogenoemde liedere sê die Sinode dat dit "verder benut en uitgebou word en die belydende antwoord in die liturgiese aanbiddingslewe verryk en stiler" (Acta, p. 664).

keur goed dat dit wel in die erediens gesing word - word daardie lidmate dan nie teen hulle gewete in gedwing nie? Die beste uitweg sou uiteraard die pad wees wat ds Postma by die Kerkvergadering van 1859 aanbeveel het: "As sommige lidmate gewetensbeswaar het ... behoort die ander dit ook nie in die openbare godsdiensoefening te sing nie." Dit val egter sterk te betwyfel of kerkrade vandag bereid sal wees om ds Postma se wyse raad te volg.

Ongeag bogenoemde ooreenkomste en verskille, lyk dit egter of daar een groot ooreenkoms tussen 1859 en 2003 bestaan. Dit is dat die twee strominge in die kerk met verloop van tyd al duideliker na vore tree. Soos voor 1859, bevind die GKSA hom op 'n tweespoorpad. Hoe diep die onderskeidelike spore van die pad loop, is moeilik om te oordeel. 'n Les wat wel uit die geskiedenis van 1859 geleer kan word, is dat dit net 'n klein vuurhoutjie in die kruitvat kos ('n ouderling wat by die Kerkvergadering opstaan en voorstel dat almal voortaan die gesange móét sing!) om

die twee spore uit mekaar te laat spat en elkeen sy eie koers te laat inslaan.

Ons lewe dus in 'n illusie as ons maar bly vorentoe gaan met die gedagte dat die twee strominge onbepaald ad infinitum so in vrede langs mekaar sal kan bly voortbestaan. Die GKSA sal slegs organisatories één kan bly mits dit ook in leer, diens en tug ware eenheid handhaaf. Voordat ons "Terug seringboom toe!" roep, moet ons werk om hierdie eenheid in die kerk te herstel. Ons moet besef dat enige poging tot herstel van eenheid byvoorbaat kragteloos gemaak word solank ons mekaar as "skeurmakers" en "kettters" bestempel. Ons moet werk, en ons moet bid. Ons gebed moet wees dat die Here in sy genade ons swakke pogings sal seën, sodat daar tot sy eer ware eenheid in die kerk sal wees; dat dit - tot sy eer - 'n eenheid sal wees wat berus op die waarheid waarin Hy ons lei.

EN SO LÊ DIE LANGSTE PSALM (119) AAN SKERWE

Psalm 119, die langste psalm, word ook die oktaafpsalm genoem. Die digter het dit kunstig volgens die letters van die Hebreeuse alfabet in 22 dele opgebou. Elke deel, byvoorbeeld Alef, Bet, Gimel, Dalet, ensovoorts bestaan uit agt verse - vandaar die naam "oktaaf" (van die Latynse woord octavus = agste). Elke vers in die afdeling van die Hebreeuse psalm begin weer met dieselfde letter; byvoorbeeld by die afdeling Alef is elke eerste letter van die vers 'n alef (ons sou sê 'n "a").

Totius, wat Psalm 119 uit die Hebreeus vertaal het (vergelyk die 1933/53 vertaling), hou hom aan hierdie indeling volgens die Hebreeuse alfabet. Met sy beryming (agt reëls vir elke strofe) sluit hy direk by die oorspronklike bou van die psalm aan. Gerrit Dekker, die bekende Afrikaanse literator, noem Totius se beryming van Psalm 119 'n "uitstekend geslaagde bewerking". Hy praat hier van die "roerende eenvoud" en "waaragtigheid" met 'n "innige geloof."¹

Wat het met die nuwe Omdigting 2001 gebeur? Die oorspronklike struktuur (Hebreeuse alfabet en oktawe) is heeltemal omvergewerp. Dit sou nog nie so erg gewees het nie - as die inhoud maar bewaar is. Juis hier lê die grootste probleem: Meer as die helfte van die inhoud van Psalm 119 is uit die nuwe Omdigting 2001 weggelaat!

Laat ons nou die Cloete-beryming volgens die Hebreeuse indeling stap vir stap nagaan:

Alef: verse 1-8

Vers 1: die naam Jahwe (HERE, die Verbondsgod) is weggelaat en vervang met Elohim (God).

Vers 3: "ook geen ongeregtigheid doen nie, ... ens.", is weggelaat.

Vers 6: "Dan sal ek nie beskaamd staan ... ens.", is weggelaat.

Bet: verse 9-16

Verse 9, 11 en 16: Hier neem die uitdrukking "u woord" (Hebreeus

'n Greep uit die "LIEDBOEK VAN DIE KERK" 2001

dabar) drie keer 'n kardinale plek in. As ons dit in 'n Hebreeuse woordeboek opsoek, dan kom ons baie gou agter dat dabar (woord) 'n uitsonderlik belangrike woord is. Dit dui die eintlike betekenis of die eintlike plek van iets of iemand aan. Dit beskryf die "wese". Dabar kan selfs met "daad" vertaal word. "Door zijn dabar, doet God Zichzelf kennen; doet Hij Zichzelf gelden, doet Hij zijn goddelijke kracht ervaren. Door zijn dabar is Hijzelf present; zijn dabar is Hijzelf, zoals Hij uit zijn verborgenheid in de openbaring treed."²

En nou? Die Cloete-omdigting het die "u woord" in hierdie verse (drie keer) heeltemal weggelaat.

Vers 11: "Ek het u woord in my hart gebêre ..." word in die Lofsang van Maria (Lukas 2:19) en in haar tuiste in Nasaret (Lukas 2:51) vervul. Die Omdigting 2001 het hierdie belangrike vers egter geskrap.

Vers 12: die naam "Jahwe" is nogeens uitgelaat!

Gimel: verse 17-24

Vers 17: "dan wil ek u woord bewaar", is weggelaat.

Vers 18: "Open my oë dat ek kan sien ...", is weggelaat.

Vers 20: "My siel vergaan van verlange ... ens.", is weggelaat. Die woord "siel" (Hebreeus: nefesj) is ook een van die belangrike woorde in die Bybel. Hier beteken dit my "hele wese". Vergelyk hoe Totius hierdie "verlange" in sy sewende strofe uitspreek.

Vers 22: "U getuienisse het ek bewaar", is weggelaat.

Vers 24: "Ja, u getuienisse is my verlustiging, my raadsmanne", is weggelaat. "Raadsmanne" staan hier juis in teenstelling met die "vorste" van die vorige vers.

Dalet: verse 25-32

Vers 25: "My siel kleef aan die stof ... ens.", is weggelaat.

Vers 26: Die digter se gebed: "My weë het ek vertel, en U het my verhoor ... ens.", is weggelaat.

Vers 27: "... dat ek u wonders kan oordink", is nie berym nie.

Vers 28: "My siel drup weg van kommer ... ens.", is weggelaat.

Vers 29: "Verwyder van my die weg van leuens ..." is verander tot 'n nuwe betekenis, naamlik: "... laat niks my aandag aflei" nie.

Vers 31: "Ek kleef u getuienisse aan ... ens.", is weggelaat.

He: verse 33-40

Vers 33: "HERE, leer my die weg van u insettinge, sodat ek dit tot die einde toe kan bewaar", is weggelaat. So is die naam "Jahwe" weer eens weggelaat.

Vers 34: "Gee my verstand ... ens.", is weggelaat.

Die uitdrukking "maak my lewend deur u reg" (strofe 8 in die Liedboek), is 'n vervlakking van wat daar in vers 40 staan. "Geregtigheid" (Hebreeus zedaka) word verkeerdlik met "reg" (Hebreeus misj'pat = regspraak) geïdentifiseer.³

Wau: verse 41-48

Vers 41: Die naam "Jahwe" (HERE) word vir die soveelste keer weggelaat en vervang met "Elohim" (God). Is dit ter wille van die rym? Die hele vers 41 is uit die oorspronklike teks weggelaat en daardeur ook die kernwoorde "goedertierenheid" (Hebreeus chèsèd) en "u heil" wat die HERE se verlossing uit genade beteken. Ons dink hier aan 'n groot kenner van die psalms, die teoloog Nic Ridderbos wat in verband met die heilsverwachting (die redding) in die psalms geskryf het: "Bij Nieuwtestamentisch licht gezien is de genade, waarvan de psalmen op zulk een aangrijpende wijze in smeking en loflied zingen, de genade van Jesus Christus".⁴ Dit word erg frustrerend as ons voor ons oë sien hoedat juis

hierdie kernwoorde wat van die HERE se "genade" vertel, uit die psalms weggelaat is.

Vers 43: "En onttrek die woord van waarheid nie geheel en al van my mond nie ... ens.", is heeltemal weggelaat. Totius berym dit: "Neem u woord nie uit my mond nie ... ens." 'n Kind kan dit raaksien dat ons hier 'n baie belangrike gedeelte vir die kerksang het - die HERE se woord in my mond.

Vers 45: "en in die ruimte wandel ... ens." Dit is weggelaat. Hierdie "ruimte" vir die gelowige in die wêreld van benouing, is 'n heerlike belofte vir God se kind. In die nuwe omdigting lees of sing ons niks daarvan nie.

Die res van die sestien afdelings volgens die Hebreeuse alfabet

Tot sover is daar nog slegs ses van die twee-en-twintig afdelings van Psalm 119 in die Omdigting 2001 getoets. Vir 'n volledige publikasie in een artikel, is daar nie ruimte nie. Ons volstaan hier dus met die eerste dele en gee oor die res van Psalm 119 alleen enkele algemene bevindings.

Meer as die helfte van die verse is nooit berym nie. Van buite-af kom ons dit dadelik agter. Totius wat die Hebreeuse teks woord vir woord gevolg het, het Psalm 119 (176 verse) in 63 strofes van 8 reëls berym; dit wil sê 504 reëls. Die nuwe Omdigting 2001 het sy hele saak in slegs 27 strofes van 6 reëls afgehandel; dit wil sê in 162 reëls! Hoe is dit tog moontlik? Die een digter het 504 reëls nodig om die inhoud van Psalm 119 te vertolk en die tweede kry dit reg om dit in 162 reëls te doen - drie maal korter! Voorwaar "singuliere gawes" van Omdigting 2001 om die woorde in Hebreeus soveel korter in Afrikaans te sê. Dit skyn ook veel meer behendig te wees as die nuutste Nederlandse beryming (1973) met sy 400 reëls (eintlik 396) en die Engelse beryming (Anglo-Genevan Psalter, 1972) met sy 396 reëls!

Nee, dit was nie behendigheid om Psalm 119 in sy nuwe bewerking so radikaal korter te maak nie. Nee, die inhoud is versnipper!

Die verbondsterm "goedertierenheid" (Hebreeus: chèsèd) is 'n egte Afrikaanse woord uit ons Nederlandse stamtaal (vgl. die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, Tafelberg,

1991, p. 152). Oor geslagte heen het ons daarmee grootgeword. Ons leer dit ken in ons Afrikaanse Bybel (1933/53 vertaling) en in ons Afrikaanse Belydenisskrifte. Hierdie kernwoord word ses keer in Psalm 119 gebruik (verse 41, 76, 88, 124, 149 en 159). Dit vertel van die diepste, innigste verbondenheid van Jahwe (die HERE) aan sy kind. Chèsèd is die HERE se genade. Dit het selfs die gedagte van 'n ewige lojaliteit van ons Vader teenoor ons (vgl. FJ Pop, a.w., deel 1, pp. 82-83). 'n Suiwer vertolking van hierdie "goedertierenheid" in die genoemde verse, kan nie in die Omdigting 2001 se Psalm 119 gevind word nie.

Die Verbondsnaam "Jahwe" (HERE): Uit die 22 keer wat hierdie naam in Psalm 119 voorkom, het die Omdigting 2001 dit in elf gevalle weggelaat. Daardeur word die sekerheid van die HERE se beloftes verswak. Weglating van hierdie verbondsnaam, beteken weglating van die heil, die verlossing uit genade, die uiteindelijke redding deur Jesus Christus. Die belofte in die naam Jahwe is onbeskryflik groot. Volgens die betekenis van hierdie naam ("Ek is wat Ek is"), sê die HERE eintlik: "Ik ben er en Ik zál er zijn, en gij kunt er van op aan, dat dit zowel nu als later geducht voelbaar zal wezen. Dát moest Israel weten en daaraan had er genoeg. Want in zijn dáden toonde Jahwe, wat zijn naam voor hen inhield. De bevrijding uit Egipte, de bewaring in de woestijn, het geschenk van Kanaán, enz. bewezen dat Hij uit een wonderlike liefde vóór Israel was en dat het voor hen niets minder dan het volle heil beduide dat Hij er was" (vgl. FJ Pop, a.w., deel 1, p. 102).

Die verbondsterm "geregtigheid" (Hebreeus: zedaka). Hierdie woord wat dikwels in Psalm 119 gebruik word, dui op die "verpligtinge" wat die HERE op Homself geneem het, kragtens sy verbondsbeloftes. Dit is nie die juridiese reg volgens wette nie, maar die vrypraak uit genade (vgl. Nic Ridderbos, a.w., p. 60). Die Omdigting 2001 het die woord heeltemal weggelaat. Waar hy dit vertolk met "reg" (bv. in vers 40), verwar hy dit met die juridiese reg (Hebreeus: misj'pat).

Die gebroke "porseleinvaas"

Van Psalm 119 in die Liedboek van die Kerk (NG Kerk-uitgewers, 2001) is meer as die helfte van die inhoud van die oorspronklike teks in die Bybel

verlore. Wat oorgebly het is alleen saamgeflansde brokstukke. Kernbegrippe soos byvoorbeeld "goedertierenheid" en "geregtigheid" is afgewater en vervlak. Die verbondsnaam "Jahwe" (HERE) is grotendeels weggelaat waardeur die genade in Christus verdonker is.

Ongelooflik: Die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in 2003 aanbeveel dat so 'n gebrekkige psalm in die gemeentes gesing behoort te word. Die HERE in die erediens loof met 'n korrupte vertolking van die psalm? Dit is 'n afwyking van die Heilige Skrif, want hierdie nuwe "omdigting" is nie eens 'n Skrifberyming volgens artikel 69 van die Kerkorde nie.

'n Miserabele beeld kom voor ons op. 'n Pragtige, antieke porseleinvaas, 'n besondere kunswerk uit die hand van die Heilige Gees, is deur iemand onversigtig op 'n klipvloer laat val. Nou het daar alleen skerwe oorgebly. Kan ons dit weer netjies aanmekeer las sonder dat die lasplekke gesien word? Kan die sinode se "voetnote" die laswerk doen? Nee, as daar dan 'n nuwe beryming moet kom (is dit nodig?), dan moet die volmaakte Hebreeuse gedig maar weer uit die skatkamers van die Skrif gehaal word. Wat inspirasie deur die Heilige Gees is (die oorspronklike teks), moet dan illuminasie (opheldering van die Woord) van die Heilige Gees ('n suiwer Skrifberyming) wees.

Laat die Afrikaanse digter wat 'n nuwe beryming van die Psalms wil doen, na vore kom. Dan moet hy ook getrou aan die Skrifgesag en die Gereformeerde Belydenis wees. En hy sal sy Hebreeus moet ken!

Geleerdes het Totius in 1937 in Nederland oor die kuns van psalmberyming uitgepra. Hy het onomwonde geantwoord: "De mensen denken, dat Psalmen berijmen een zaak van dichtkunst is. Het is allereerst een zaak van wetenschap". Totius se hoorders in Amsterdam het presies geweet wat hy met "wetenskap" bedoel het - teologiese wetenskap en kennis van Hebreeus!

Die bekende Nederlandse literator en digter Martinus Nijhoff (1894-1953) is in die dertigerjare versoek om te help met 'n nuwe Nederlandse Psalmberyming. Hy was baie deeglik van die vereistes vir hierdie genre bewus. Trompop het hy uitgesproke geantwoord: "Ik kan het niet. Ik kan het beslist niet. Het is geen werk voor

dichters!" (Kyk my artikel in die Duitse boek *Ordenlich und fruchtbar*, Leiden, 1997, pp. 31-32.)

Ons moet dit nooit vergeet nie: Totius was ten eerste en tot op die laaste 'n teoloog, 'n Gereformeerde teoloog wat konsekwent voor die gesag van God se Woord gebuig het.

Dat hy ook 'n digter was, is 'n bonus vir die kerk se Psalmberyming. In hom was wetenskap en kuns in één persoon saamgetrek - 'n seldsame gawe van God.

¹ G Dekker, *Die Afrikaanse Psalmberyming*, JL

van Schaik, Pretoria, 1938, pp. 54-55.

² FJ Pop, *Bijbelse Woorden en hun geheim*, deel 1, p. 249.

³ W ten Boom, *Oud-Testamentische Kernbegrippen*, Amsterdam, 1948, p. 36.

⁴ *Korte Verklaring der Heilige Schrift*, Kampen, 1962, p. 58.

MEDIES

Prof JM Boon, Pretoria

God se wet en die anatomie van die mens

Ons het in die afgelope jaar of twee die lig van God se wet laat skyn oor 'n aantal medies etiese onderwerpe. Dit was duidelik dat elkeen van die Woorde van die Here 'n duidelike relevansie in die geneeskunde het. Maar geld hierdie wet universeel vir alle mense?

As ons hoor wat die Skrif self van die wet van die Here sê, is dit duidelik dat hierdie wet vir alle mense geld. Dit het direkte implikasies vir elke mens, gelowig of ongelowig. Die norme van die Skrif het universele geldigheid. God se onderwysing tot die lewe, soos die wet dikwels in die Skrif genoem word (Spreuke 4:22), is nie 'n versameling willekeurige reëls nie, maar dit pas by die manier hoe die Here die mens geskape het.

Die boek *Spreuke* is daarvan 'n duidelike voorbeeld. Die luister na die wet van die Here word dikwels in die *Spreukeboek* aan gesondheid en geneeskunde verbind. Kom ons let op 'n paar duidelike voorbeelde.

- Spreuke 3:8. Die weë van die Here "sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente". Beide die interne geneeskunde en die ortopedie word betrek. Die wet van die Here is heilsaam vir die gesondheid van liggaamsfunksies en die anatomie van die skeletstelsel. Dink maar aan die siektes wat in hierdie lewe verbind word aan oortreding van die wet van die Here. Iemand wat nie getrou is in sy huwelik nie, het 'n groot risiko om HIV positief te word. Iemand wat nie hou by die verkeersreëls nie, kan frakture van sy bene

opdoen tydens 'n ongeluk. Iemand wat alkohol of ander substansie misbruik, beskadig die fyn balans van fisiologiese prosesse in die lewer en ander organe.

- Spreuke 13:3. "Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang." Die skrywer van die boek *Spreuke* is baie duidelik. Gehoorzaam die negende gebod en die lewe word bewaar.
- Spreuke 14:30. "'n Rustige hart is die lewe vir die vlees'. 'n Rustige hart dui op 'n hart wat tevrede is met die wet van die Here en wat daarin sy verlustiging vind.
- Spreuke 4:20-27. In hierdie gedeelte hoor ons: "Want my woorde is 'n genesing vir die hele liggaam". Daarna word dit breër uitgewerk. "Bewaak jou hart ...", "hou ver van jou verkeerdheid van lippe. Laat jou oë reguit kyk en jou ooglede hulle reg voor jou uit hou. Maak die pad van jou voet gelyk, en laat jou weë vas wees ..." Nie net die liggaam in die algemeen nie, maar verskillende anatomiese dele van die liggaam word direk met die wet van die Here in verband gebring. Die wet van die Here is heilsaam vir die anatomie. Dit is heilsaam vir alle mense. Hier word die lewenswysheid en geluk uitgedeel, wat nie los is van die gesonde funksionering van die liggaam nie.
- Spreuke 10:20-21. "Die tong van die regverdige is uitgesoekte silwer; die hart van die goddelose is min werd. Die lippe van die regverdige

help baie mense reg; maar die dwase sterf deur gebrek aan verstand." Spreuke 23:19. "Hoor, my seun, en word wys, en rig jou hart reguit op die weg."

Afwyking van die wet van die Here tas die hart en die brein aan. Nou is dit so dat die Spreukedigter nie aan die hart gedink het as 'n pomp van bloed nie. Daar word na die hart verwys as die uitgang van die lewe, die diepste wese van die mens. Tog is dit moeilik om hierdie betekenis van die hart los te maak van die anatomiese funksie van die hart soos ons dit vandag ken.

Alhoewel ons orgaansisteme kan onderskei, is dit geen geheim dat al die organe biochemies met mekaar verband hou nie. Daar waar God se wet nie meer die verstand (brein) en wese van die mens informeer nie, loop die hart ook risiko's. Daar is implikasies vir die hart as die brein, los van God se gebod, geen perke ken in die weelderige verbruikerskultuur nie. Hierdie implikasies is nie slegs geestelik nie, maar ook molekuler.

- Spreuke 23:16. "My niere sal jubel as jou lippe spreek wat reg is". Die niere word dikwels in die Skrif verbind aan die emosie van die mens. Dawid sê in Psalm 73:21 dat sy hart bitter gestemd was en hy in sy niere geprikkel was. Weereens is hierdie beeld van die niere anders as die anatomiese funksie van die niere wat behalwe die uitskeiding van urine ook belangrike stowwe in die liggaam afskei. Die niere word byvoorbeeld dikwels met

hipertensie (hoë bloeddruk) in verband gebring. Tog staan die niere se funksie nie los van die ander organe soos die brein nie.

God se wet hou verband met die anatomie van die mens

Die wet van die Here belig die anatomie van die mens. Dit is die boodskap van die skrywer van Spreuke. Ja, sterker, as die beligting en inligting uit die wet van die Here nie die anatomie van die mens bepaal en stuur nie, is die gevolge ramspoedig. Daarom die appèl van Spreuke: Die wet van die Here is goed en heilsaam vir die hele lewe, vir elke anatomiese lid van die kroon van die skepping.

Sonder die wet van die Here kan ons nie iets sinvol sê oor die gesondheid van die mens nie. Die anatomie van die mens is deur die Here in sy wet ingebed, ten goede. Die twee kan nie van mekaar losgemaak word nie, nie vir die gelowige nie, maar ook nie vir die ongelowige nie. Die waarskuwing is duidelik: Maak jy die anatomie van die mens los van God se wet, tas dit die funksie van die liggaam aan.

God se wet het implikasies vir die funksie van die hart, die werk van die niere en die prosesse in die lewer en brein. God is die outeur van beide die skepping en die wet. Die wet is daarom heilsaam vir die skepping en vir die gesonde funksionering van die skepping. God se geboorte is daarop

gerig om die mens ook juis na die sondeval te laat leef volgens die oorspronklike skeppingsbedoeling.

Hierdie bedoeling, moet ons onmiddellik sê, word op hierdie aarde maar baie gebrekkig bereik. Die krag van die sonde het katastrofiese gevolge vir die skepping tot gevolg gehad en het dit nog steeds. Daardie mens wat God gemaak het, kan ongelooflik siek word en selfs sterf. Die anatomie van die mens is daardeur geweldig beskadig tot in die molekulêre funksies toe. Dit neem nie weg dat gehoorsaamheid aan God se wet ook nou in hierdie bedeling heilsaam en goed vir die gesondheid van die mens is nie.

REKENAAR EN INTERNET

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

'N ONTMOETING MET KLAAS SCHILDER EN NOG ANDER

Was my verrassing nie groot nie toe ek die ander dag te hore kom van 'n tuisblad met talle van Schilder se werke.

Ek het dadelik Stad Internet ingevaar na die adres <http://www.neocalvinisme.nl>. Die adres sê dit al: Hier gaan jy meer kry as net werke van Schilder. Ook H Bavinck en A Kuyper is daar.

In hierdie artikel wil ek my egter beperk tot die afdeling oor Schilder.

Biografie

Die opsteller van die webwerf begin met 'n baie kort beskrywing van die lewe van Schilder.

Bibliografie

Onder die opskrif Boeken en brosjure sal u verskillende van Schilder se belangrikste boeke kry. Ek noem net enkele: Wat is de hemel?, Wat is de hel?, De Openbaring van Johannes en het Sociale Leven, Christus en Cultuur. Ek was veral bly om sy skitterende trilogie Christus in Zijn Lijden raak te loop.

Ongelukkig is daar ook boeke wat nie beskikbaar is nie, soos sy Preken en Schriftverdenkingen. Slegs die eerste twee dele van sy verklaring van die Heidelbergse Kategismus (Sondag 1-6) is voltooi. Dit lyk asof die tuisblad in 2000 tot stilstand gekom het. Dit sal werklik 'n groot jammerte wees.

Ek noem nog net een titel, naamlik Bij Dichters en Schriftgeleerden. Dit bevat 'n versameling opstelle van Schilder. Verally die opstel oor die Psalmberyming van 1773 is vir ons baie aktueel en van hulp in ons beoordeling van ons Psalmberyming en -omdigting.

Verder is daar nog verskillende ander bydraes van Schilder, soos sy artikels in De Reformatie.

Skakels

As u na Links toe gaan, word u gelei na werke van Schilder wat in Engels vertaal is. Dit is verally beskikbaar by Spindleworks (<http://www.spindleworks.com/library>). U sal onder andere The Main Points Of The Doctrine of the Covenant daar kry. Laasgenoemde is 'n toespraak wat

Schilder in die tyd van die Vrymaking gehou het.

Dit bly altyd belangrik om in Stad Internet in te gaan op die skakels waarna verwys word. Dit is gidse wat jou in hierdie groot stad van die een ontdekking na die ander lei.

Van Psalmomdigting tot ongeloof

In Insig van Desember 2003 skryf Tobie Wiese oor 'n gesprek wat hy met Lina Spies, 'n bekende Afrikaanse letterkundige en medewerker aan die nuwe Psalmomdigting, gevoer het:

Lina Spies kan nie onthou wanneer sy laas in die kerk was nie. Dis nogal merkwaardig vir iemand wat vyftig jaar lank kerklik aktief was, religieuse gedigte skryf en onlangs nog in die kerklike kommissie vir die omdigting van die Psalms gedien het.

Sy kan dit nie langer regkry om saam met die res van die gemeente daar te staan en die eeue oue woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis na te sê nie: "Ek glo in Jesus Christus... God se eniggebore Seun ... wat gebore is uit die maagd Maria ... wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode... opgevaar het na die hemel ... van waar Hy sal kom om te oordeel..."

Sy kan nie, want sy glo dit nie meer nie.

"Ek het 'n nuwe ervaring van Jesus, van sy menslikheid. Hy is nie vir my God nie. Hy is wel 'n gesig van God, dié gesig wat ek die beste ken, maar nie die enigste gesig nie. Hy het ook nooit gesê Hy is die seun van God nie. Ja, die belydenisskrifte sê so en die dogmamakers sê so en die Skrifgeleerdes wat Hom voor Pilatus gedaag het, het Hom daarvan beskuldig maar Hy het nie daarop aanspraak gemaak nie."

"Ek kan Jesus wat op aarde gewandel en gewerk en gesterf het, nie vereenselwig met die ewige, onsienlike en alomteenwoordige God nie. Dit is waar my breuk met die tradisionele godsdiens kom."

Die implikasies dáárvan laat haar telkens terugdeins. Hier van haar woonstel onder Stellenbosch se akkerbome is die Kweekskool net om die draai "waar ek boesemvriende het", soos ook in die NG Moeder-gemeente waar sy twaalf jaar (terwyl sy professor in Afrikaans en Nederlands was) 'n meelewende lidmaat was. "My liefde vir die kerk is te groot om die bande te breek - en ek wil darem nog uit die kerk begrawe word! - maar die kerk kan mense nie meer die swye oplê nie. Hierdie dinge, soos die vraag na wie Jesus werklik was, word oor die wêreld heen bespreek. As ek hierdie uitsprake in Europa

maak, sal niemand eers skeef opkyk nie."

Wat het haar van oortuiging laat verander? As antwoord dra sy drie boeke aan: 'A History of God' van Karen Armstrong, 'Ruim geloven' van C.J. den Heyer en 'Fatherless in Galilee' van die Suid-Afrikaanse teoloog Andries van Aarde. Veral ná die lees van laasgenoemde het sy besef dit is glad nie nodig om Christus se sogenaamde maagdelike geboorte te beskou as die oorsprong van Sy boodskap en aardse omwandelinge nie. "Ek kan Hom verstaan en..."

En aanbid?

"Nee. Ek kan Hom verstaan en Hom eer vir wat Hy was en is - 'n unieke en baie besonderse mens - sonder 'n beroep op 'n maagdelike geboorte. Ek glo Hy het gelewe, maar as ons glo Hy is maagdelik gebore, kan Hy - skryf dit tog met 'n hoofletter! - so maklik net nog 'n mitologiese figuur word want daar is naas die Bybel ook ander ou geskifte met verhale van maagdelike geboortes."

Watter Bybelse verhale kan mens dan wel glo, soos Christus se opstanding uit die dood? "Ek twyfel of dit die essensie van die Evangelie is. Ek is nie 'n Christen om vir my 'n ewige lewe te probeer verseker nie. As daar 'n lewe hierna is - ek weet nie of dit so is nie - sal dit 'n bonus wees. Ek glo nie aan die wederkoms nie. Mense wat daarop wag, sal 'n paar biljoen jaar moet wag totdat die son uitbrand en die aarde soos ons dit ken, vergaan."

Wat mens die indruk kan gee dat Lina die selfversekerdheid van 'n nuutbekeerde het. Allesbehalwe. " 'n Skeppende mens het 'n bewussyn van 'n ander dimensie wat nie rasioneel verklaar kan word nie en wat ongeloof onmoontlik maak. "Soos Van Gogh gesê het: 'Ik ben een gelovige in mijn ongelovigheid.' Ons weet dat ons nie weet nie. Wat my irriteer van die kerk, is die aandrang op sekerheid. Hoe kan jy seker wees van die Onsienlike? En as jy seker is van alles, het jy geen geloof nodig nie. Geloof berus juis op nie-weet, op hoop, op vertroue, op onsekerheid. Daarom is geloof 'n sprong in die duisternis."

'n Sprong wat Lina, opnuut, met die lig tot haar beskikking neem: huiwerig maar hoopvol. Daar is vir haar nie die

gerief van ongeloof nie.

Die taal van die postmodernisme slaan onmiskenbaar sterk deur. Viva die twyfel! Geloof berus op onsekerheid! Dit, terwyl 2 Timoteus 3 vermaan: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is ...".

Die punt wat hier ter sprake is, is egter 'n ander een. Lina Spies is 'n psalmomdigter. As omdigter het sy haar hand onder andere gewaag aan:

- Psalm 23 – die HERE is my herder (in Christus my goeie Herder – Johannes 10);
- Psalm 27 – die HERE is my lig en my heil (Christus is die Lig tot verligting van die nasies – Lukas 2:32);
- Psalm 42 – al u bare en u golwe het oor my heengegaan (Christus het al God se bare en golwe ervaar – Matteus 26:38);
- Psalm 43 – Stuur u lig en u waarheid (Christus, die waaragtige Lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld – Johannes 1:9);
- Psalm 130 – Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede (jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos – Matteus 1:21).

Dieselfde Lina Spies wat hierdie en nog enkele ander Psalms omdig het, 'kan dit nie langer regkry om saam met die res van die gemeente daar te staan en die eeue oue woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis na te sê nie ... Sy kan nie, want sy glo dit nie meer nie'.

Nee, dit gaan nie nou oor die persoon en die geloof/ongeloof/nie-geloof van Lina Spies nie. Dit gaan oor die werk wat sy gelewer het met betrekking tot die Psalmomdigting. Terwyl die Psalms wat sy omdig het direk heenwys na en hulle vervulling vind in Jesus Christus ons Verlosser, verklaar Lina Spies: ek glo dit (en Hom) nie, nie méér nie!

Moet daar meer gesê word oor die erns waarmee die kritiek teen die nuwe Psalmomdigtings uitgespreek word? Ont-Messianiseerde Psalms loop uit op 'n ont-Messianiseerde lewe. Dit kan nie anders nie.

Ten dele

In Die Kerkblad van Januarie 2004 skryf dr Riaan Rheeder oor Bybelse riglyne met betrekking tot arbeids-etiek. 'n Belangrike onderwerp.

In 'n inleidende paragraaf onder die opskrif 'Wat leer die Bybel ons oor arbeid?' skryf dr Rheeder: God se wil word in die Bybel gevind (Psalm 119:105). Die Bybel moet egter op 'n verantwoordelike, en nie op 'n kritesistiese of fundamentalistiese manier hanteer word nie. Gereformeerde etiek is vanselfsprekend ook nederige etiek, wat in ag neem dat al ons kennis, selfs ons kennis van die wil van God, gedeeltelik (beperk en voorlopig) is (1 Korintiërs 13:9-12).

In enkele sinne gee dr Rheeder 'n kort les in hermeneutiek – ons verstaan van die Skrif. Wat presies bedoel word met 'n kritesistiese wyse van Skrifhantering, is nie duidelik nie. Maar dit daar gelaat. Die laaste reël van die hermeneutiek-les verdien aandag. Dr Rheeder beskou dit vanselfsprekend dat Gereformeerde etiek nederig is. Nederig in die sin dat ons nie al te gou wil sê dat ons antwoorde het wat 100% korrek is nie. Ons kennis, selfs ons kennis van die wil van God is immers gedeeltelik.

Is dit so? Staan dit werklik in 1 Korintiërs 13:9-12 dat ons 'n gedeeltelike, beperkte en voorlopige kennis van God se wil het? 'n Vraag wat hiermee saamgaan: Laat die Here ons half en half in die duister oor sy wil met betrekking tot 'n belangrike saak soos ons daaglikse arbeid?

In NGB Artikel 7 bely ons dat die Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Die hele wyse waarop God deur ons gediens moet word, word breedvoerig daarin beskrywe. Die probleem is dus nie dat die Here ons oor sekere dinge in die lewe half en half in die duister laat nie. Sy wil is bekend.

Dui 1 Korintiërs 13:9 (ons ken ten dele en profeteer ten dele) dan daarop dat die mens die bekende wil van God slegs gedeeltelik kan ken? Ook hierdie vraag moet ons negatief beantwoord. Die verlore mens wat deur die Gees van God gelei word om die Skrifte te lees en te verstaan, kan dit wat God bekend maak heeltemal ken. Maar dit verg noudesette studie van die Woord. Paulus beklemtoon in

1 Korintiërs 12 tot 14 dat kennis van die wil van God beslis nie kom deur middel van buitengewone aktiwiteite soos spreek in tale en uitleg van tale nie. Die buitengewone is alles slegs ten dele. Ware kennis van Gods wil word opgedoen deur erns te maak met Skrifstudie. Hoe meer en hoe dieper daar in die Woord gedelf word, hoe helderder kom ons onder die indruk van God se wil vir ons lewe.

Nederigheid in die hantering van etiese vraagstukke mag nooit daartoe lei dat ons tot die slotsom kom: 'ons weet nie so presies wat God se wil hieroor is nie'; of: 'op hierdie oomblik dink ek so met die lig tot my beskikking, maar môre dink ek dalk anders'. Dit is geen nederigheid meer nie, maar vaagheid. Erger nog: menslike hoogmoed sluip in, want die mens besluit met sy 'voorlopige kennis van God se wil' wat in hierdie omstandighede korrek is.

Besinning oor etiese vraagstukke dwing ons na die Skrif toe, sodat ons presies sal hoor wat God sê en 100% sekerheid kan hê. So sê die HERE Here - dit is ware nederigheid.

Verkiesing 2004 en ons profetiese roeping

Die hoofartikel van Die Kerkpad (Januarie 2004) gee aandag aan die verkiesing wat volgens grondwetlike bepaling eersdaags gehou gaan word.

Enkele uittreksels uit die artikel:

Volgens demokratiese reëls word regerings elke vyf jaar tot verantwoording geroep deur middel van verkiesings. Dit is wat binnekort weer plaasvind. Binne die raamwerk van die Grondwet bestaan die vryheid tot party-organisasie en werwing van ondersteuning en stemme vir die stembusse in die onderskeie dele van die land.

Vir ons is dit belangrik om te besluit oor deelname aan die verkiesing al dan nie. Daar is argumente ten gunste daarvoor maar net so ook daarteen. Waaroor gaan dit in die demokratiese opset van die verkiesing?

Daar is geen voorskriftelike bepaling in

die Bybel om aan 'n demokratiese bestel deel te neem nie. Christus het tydens sy verblyf op die aarde gebid vir sy kinders (Johannes 17): "Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld" (vers 11) en voorts: "Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar" (vers 12). Daarna: "Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie" (verse 14-16).

Daarenteen is die Bybel juis wél voorskriftelik oor die samebinding van gelowiges: "... dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U

My gestuur het ..." (Joh 17:21).

Waar lê die kriterium vir samebinding en verdeling, sowel op die kerklike as op die wêreldlike domeine? In hoeverre is daar samewerking moontlik tussen Christengelowiges met ongelowiges, met die Jode se verwerping van Christus as Saligmaker, of met die religies en godsdienstige gewoontes van die Islam, Hindoe's, Boeddhiste, Afrika-voorouerverering, ensovoorts? Is dit moontlik om in die praktyk van die daaglikse bestaan te verkeer met die Anglikane, Rooms-Katolieke en ander wat voorgee om Christelik te wees maar nie buig voor die geïnspireerde en geopenbaarde Woord en wil van die Here nie? Kan ons gesamentlike besluitneming en politieke party-organisasie saam met hulle onderneem? Wat leer die Bybel met die oog hierop? Het die gereformeerde belydenisskrifte slegs

betekenis vir die kerklike samelewing en nie vir die persoonlike en maatskaplike bestaan nie? Is dit so dat dit wat ons glo en bely slegs betrekking het vir die sieleheil en nie vir die heil van die breë samelewing nie? Is die heerskappy van God beperk tot die terreine van die kerk en die persoonlike bestaan maar kan ons daarbuite, met betrekking tot die staat en samelewing, maar saamloop met ketterye en religies wat die bestaan en almag van God betwyfel, relatiewe of in sy geheel verwerp?

As daar geen ooreenstemming in die geloof van die bestaan en voorsienigheid van die enige God, die Vader, Seun en Heilige Gees is nie, dan ontbreek die eensgesindheid en vaste basis vir samewerking. Ons kan saam in 'n diensbetrekking staan en ons daaglikse werk verrig, maar as dit daarop aankom om 'n geestelike en idealistiese eenheid te vorm is dit beslis onmoontlik. Wat oorbly vir Christengelowiges is om selfstandig in die staatsbestel te getuig van die almag, geboorte en beskikking van God. Partyformasie gaan noodwendig

VERENIGING VIR
GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.absa.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:

Spaarrekening 9054701904
ABSA, Pretoria, Waverley

Intekengeld:

R110 per jaar

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316, Gezina, 0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

gepaard met die betrekking van en samewerking met andersdenkendes. En dan word maar alte maklik pragmatiese kompromieë aangegaan.

Daarteenoor is daar geestelike verdelingslyne wat in ag geneem moet word. Die Bybel vermaan om nie 'n buit te word van en weggevoer te word deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie "volgens die oorlewing van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag ..." (Kol 2:8-10). Met die oog daarop is deelname aan die parlementêre debatte in velerlei opsig nutteloos. Die verteenwoordigers in die parlement kom nooit tot dié punt nie. Die tyd word in beslag geneem deur rasonele en emosionele gesprekke oor die sake van die dag, onder leiding van die speaker, sonder belangstelling vir - wat ons betref - Bybels begronde motivering. Sonder die samewerking van nie-gereformeerdes is selfs die getalle-ondersteuning te gering om setels in die parlement te kan wen. Dus bestaan die wesentlike gevaar van water by die wyn te voeg en die grondslag van skriftuurlike denke oor en beoordeling van ons land en sy regering te materialiseer met verbygaan van die goddeloosheid wat van dag tot dag gepleeg word, veral deur middel van die wetgewing in ons land. Hoe lank kan 'n gereformeerde parlementariër in die minderheid (demokraties!) aan die meerderheid konformeer sonder om sy Christelike gewete geweld aan te doen?

Deelname aan die verkiesing al dan nie? Dié wat kans sien daarvoor, laat hulle dit doen tot eer van die Here, sonder om dáaraan te kort te doen. Dié wat nie kans sien vir die multi-kulturele en multi-religieuse eenheidstaat en politiek in verband daarmee en dus nie gaan deelneem nie, laat hulle hul daarvan onthou - óók tot verheerliking van God. "Wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom" (Kol 3:17).

Die slot-paragraaf wek verbasing. Kan een gelowige tot eer van die Here by die stembus wegbly, en 'n medegelowige welbewus gaan stem tot eer van die Here? Kan die Here op twee totaal uiteenlopende maniere verheerlik word? Dit is myns insiens onmoontlik. Die wil van die Here is

immers ook duidelik ten opsigte van die landsburger se roeping by die stembus.

Dit wil voorkom of die skrywer van die artikel die deelname aan die verkiesing as 'n politieke saak hanteer. Met ander woorde: as jy stem, verrig jy 'n politieke daad. Sommige - so redeneer die skrywer - sal kans sien vir so 'n politieke daad; ander nie. Laat elke gelowige die saak vir hom/haarself uitmaak.

Die vraag is: is stem in 'n verkiesing 'n uit-en-uit politieke aksie? Of gaan dit oor meer as politiek?

Om te stem is om jou hoorbaar te maak. 'n Christen wat stem is iemand wat aktief raak in sy profete-amp. Hy profeteer hoorbaar (in ons stem-stelsel sigbaar), die oomblik as hy stem. Die vraag na deelname al dan nie aan die verkiesing is 'n vraag wat direk met ons profete-amp verband hou. Moet 'n profeet praat, of moet hy swyg? Moet hy sy profete-amp bedien, of moet hy hom daarvan weerhou? Oor hierdie vraag behoort daar by die christen-gelowige geen twyfel te bestaan nie. Die Skrif is duidelik oor die tydige en ontydige optrede van christen-profete. Stem moet daar gestem word!

Die vraag vir wie en vir watter beleid daar gestem moet word, is baie moeilik om te beantwoord. Daarvoor moet prinsipiël, Skrifmatig besin word. Vir wie (en watter beleid) anders mag 'n christen-profeet stem as vir hulle wat eweneens die profete-amp gehoorsaam in die parlement bedien? Met die oog daarop moet alle beleidstukke en uitsprake van verkiesbare parlementariërs bestudeer en getoets word. Die uitslag van die toets bepaal die stemkeuse.

As dit blyk dat daar geen enkele persoon is wat sy christen-profete roeping in die parlement gaan uitvoer nie? Dan nog het die christen-burger 'n profetiese stemplig. Dan is 'n bedorwe stem ook 'n stem. Weliswaar 'n weemoedige stem. Maar nog steeds 'n stem, wat verantwoordbaar uitgebring word.